| | |
|---|---|
| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier | **PUNTE-TOTAAL** |

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL: VRAESTEL I

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur 100 punte

---

## SLEGS VIR EKSAMENGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INVUL

| | V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punt** | | | | | | | |
| **Nasiener: voorletters** | | | | | | | |
| **Gemodereerde punt** | | | | | | | |
| **Moderator: voorletters** | | | | | | | |
| **Vraagtotaal** | **25** | **15** | **15** | **25** | **10** | **10** | |
| **Hermerk** | | | | | | | |
| **Voorletters** | | | | | | | |
| **Kode** | | | | | | | |

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye en 'n Addendum van 12 bladsye (i–xii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar ses vrae:

   VRAAG 1: Leesbegrip (25 punte)
   VRAAG 2: Voorbereide gedigte (15 punte)
   VRAAG 3: Ongesiene gedig (15 punte)
   VRAAG 4: Kritiese geletterdheid (25 punte)
   VRAAG 5: Redigeringsvaardighede (10 punte)
   VRAAG 6: Opsomming (10 punte)

3. Al die vrae is verpligtend.

4. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.

IEB Copyright © 2024

5. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting **MS** voor. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag met 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.

6. Skenk aandag aan taalversorging.

7. Skryf asseblief in BLOU of SWART ink – geen kleurpenne word toegelaat nie.

8. TWEE blanko bladsye (bladsy 21 en 22) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 1 LEESBEGRIP

Lees die rubriek "Is ons te doof om te hoor wat seuns sê?" deur Pieter Malan (Teks 1A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Waarom vind die spreker dit nodig om in die eerste sin van die teks uit te brei op wat die woorde "bevooroordeeld en stiksienig" beteken? Hoe sluit die inhoud van paragraaf 2 dan aan by die verduideliking wat hy gee?

(2)

1.2 Wie, dink jy, is die "jonger huisgenote" van wie die spreker in paragraaf 2 praat? Verduidelik hoe jy daardie afleiding maak.

(2)

1.3 Berus die inhoud van paragraaf 3 op feite of menings? Op grond waarvan maak jy jou keuse?

(2)

1.4 Waarom word die woorde "beste song ooit" in paragraaf 3 in aanhalingstekens geplaas? Hoe beskerm die gebruik van die aanhalingstekens die spreker teen kritiek?

(2)

IEB Copyright © 2024

1.5 Beskryf in jou eie woorde wat "'n catchy tune" is waarna in paragraaf 4 verwys word.

(1)

1.6 Lewer kommentaar op die keuse van die woord "versugtinge" in paragraaf 5.

(1)

1.7 Kan ons die spreker veroordeel vir die siening van vroue wat hy in paragrawe 6 en 8 stel? Gebruik jou eie woorde.

(1)

1.8 Die spreker lei paragraaf 9 in met 'n vraag en ondersteun dan die vraag met statistieke. Hy verskaf egter nie in paragraaf 9 'n antwoord op sy eie vraag nie. Stel 'n eie antwoord vir sy vraag voor.

(1)

1.9 Lees weer paragraaf 11. Som in kort op wat is "die aaklige waarheid" wat deur die matriekuitslae uitgewys word. Gebruik jou eie woorde.

(1)

1.10 Hoe beïnvloed die gebruik van die woord "inteendeel" die spreker se bedoeling in paragraaf 14? Betrek paragraaf 13 ook in jou antwoord.

(2)

IEB Copyright © 2024

1.11 Paragraaf 17 verwys. Wat is dit wat die spreker verstaan oor wat seuns vir ons wil sê, maar wat ons te doof is om te hoor? Neem die artikel as agtergrond vir jou antwoord.

(2)

1.12 Sou dit na jou mening vir jongmense – en spesifiek seuns – wys wees om J. Cole as rolmodel te kies? Skryf TWEE antwoorde neer: een wat begin met Ja, ... en een wat begin met Nee, ...

(2)

1.13 **MS** Sou jy sê die spreker het 'n volwaardige aanhanger van J. Cole geword? Ondersteun jou keuse met verwysing na inligting uit die teks.

(2)

1.14 Formuleer jou eie siening oor die beeld wat seuns van jou ouderdom het van die lewe wat voorlê. Ondersteun jou siening met voorbeelde uit jou eie lewe en die wêreld waarbinne jy leef.

(2)

IEB Copyright © 2024

1.15 Bestudeer die grafika oor die musieksmaak van digitale musiekluisteraars (Teks 1B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

1.15.1 Watter ontbrekende inligting maak dit onmoontlik om die inligting wat in die grafika gegee word volledig te verstaan en te interpreteer?

__________________________________________________

__________________________________________________ (1)

1.15.2 Volgens Teks 1A skets hip-hop en rap-musiek nie 'n baie positiewe siening van die wêreld nie. Is dit nodig om bekommerd te wees hieroor as jy die inligting in Teks 1B in aanmerking neem?

__________________________________________________

__________________________________________________ (1)

**[25]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 2 VOORGESKREWE GEDIGTE

Lees die gedig "Ecce Homo" deur Wilma Stockenström (Teks 2A in die Addendum) en beantwoord die vrae wat volg:

2.1 Die digter gebruik verskillende tegnieke om die spreker se argument/siening dat die mens 'n sot is om regop te loop, te versterk, soos:

- Herhaling
- Retoriese vrae
- Satire as digvorm
- Progressie

Kies enige TWEE van hierdie tegnieke en verduidelik hoe dit die spreker se argument in die gedig ondersteun en versterk. Haal voorbeelde aan indien nodig.

(4)

2.2 In die slotreëls (versreëls 22–23) kom die spreker tot 'n finale insig oor die mens. Verwoord hierdie insig in jou eie woorde. Betrek die inhoud van die hele gedig in jou antwoord.

(2)

IEB Copyright © 2024

Lees die gedig "My meisie se wange is sterkoningappels" deur Boerneef (Teks 2B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

2.3 Die digter gebruik verskillende tegnieke om die spreker se verwarring omdat sy meisie hom afgesê het, te verwoord, soos:

- Herhaling
- Rym
- Retoriese vrae
- Idioomkeuse

Kies enige TWEE van hierdie tegnieke en verduidelik hoe dit die spreker se verwarring in die gedig ondersteun. Haal voorbeelde aan indien nodig.

(4)

2.4 Om die blaam vir jou foute op iemand anders af te skuif, is 'n tipies menslike eienskap. Bespreek hoe hierdie gedig juis hierdie menslike eienskap na vore bring. Ondersteun jou antwoord met 'n goeie voorbeeld uit die gedig.

(2)

IEB Copyright © 2024

2.5 **MS** Beide hierdie gedigte het skilderye as intertekste. (Sien 'n kopie van die skilderye by elkeen van die gedigte ter sprake in die Addendum). Dra die skilderye na jou mening by tot die gedigte al dan nie? Gee in jou antwoord aandag aan aspekte soos die funksie en bydrae wat intertekste lewer om die gedig se inhoud en betekenis beter te verstaan. Dui duidelik aan na watter gedig jy verwys.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(3)

**[15]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 ONGESIENE EN VOORGESKREWE GEDIGTE

Lees die gedig "In die nag het ek Jou naam geroep" deur Carina Stander (Teks 3A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae daaroor. Let daarop dat die voorgeskrewe gedig "Verse" deur Carina Stander wat jy bestudeer het (Teks 3B in die Addendum) ook verwys na dieselfde aanval wat sy en haar man een nag in hulle huis beleef het.

3.1 Beskryf in jou eie woorde hoe die spreker die stad sien. Ondersteun jou antwoord met ten minste TWEE aanhalings uit die eerste strofe.

(3)

3.2 Benoem die beeldspraak wat in versreëls 8–9 voorkom. Verduidelik waarom juis hierdie soort beeldspraak na jou mening so gepas is in hierdie situasie.

(3)

3.3 Let op versreëls 16–17.

3.3.1 Watter beeldspraak word hier gebruik?

(1)

3.3.2 Verduidelik die beeld en die effektiwiteit daarvan in jou eie woorde.

(2)

IEB Copyright © 2024

3.4 Hoe ondersteun die vrye versvorm die inhoud van die gedig?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

3.5 Let op die beskrywings van die aangesprokene ("Jou") deur die loop van gedig. Lewer met behulp van 'n kort aanhaling bewys dat:

3.5.1 die "Jou" werklik kwaad was?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

3.5.2 die "Jou" magtig en groots is?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

3.6 Wat is die aangesproke "Jou" se motivering om die spreker in haar uur van nood te red?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

3.7 Wie is die "Jou" wat hier tot die spreker se redding kom? Verduidelik hoe versreëls 45–46 jou hierdie afleiding laat maak.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

**[15]**

## VRAAG 4 KRITIESE GELETTERDHEID

Die koerantbrief (Teks 4A in die Addendum) het in *Die Burger* verskyn in reaksie op die Suid-Afrikaans gebore aktrise Charlize Theron se uitlating dat Afrikaans nog net deur 44 mense gepraat word en nie eintlik meer 'n nuttige taal is nie. Bestudeer die brief en beantwoord die volgende vrae:

4.1 Watter houding teenoor Afrikaans spreek reeds in die eerste sin uit die spreker se woordkeuse "wondersoet"?

________________________________________

________________________________________ (1)

4.2 Die woord "vloermoer" in paragraaf 4 is 'n voorbeeld van eiegoed – spesifiek 'n nuutskepping/neologisme wat beteken dit is 'n woord wat uitgedink is deur die sprekers van die taal self. Maak gebruik van 'n voorbeeld van jou eie om te verduidelik hoe gooi 'n mens 'n vloermoer en lewer ook kommentaar of die woord na jou mening 'n goeie nuutskepping is.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

4.3 Is die effens kras en platvoerse woord "snotklap" in paragraaf 4 na jou mening aanvaarbaar binne hierdie teks? Motiveer jou antwoord.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

4.4 Hoe verskil die "Boerseun" waarvan in paragraaf 6 melding gemaak word van 'n boerseun?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2024

4.5 Skryf "plein gesuip" in paragraaf 7 oor in Standaardafrikaans sodat die woord geen emotiewe betekenis dra nie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

4.6 Let op die soort karakters wat in die teks omskryf word. Watter waarde reken jy het die beskrywing van hierdie soort karakters vir die spreker se argument?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

4.7 Die spreker sluit die teks af met dieselfde woorde as wat in die opskrif gebruik word. Besluit, nadat jy die hele teks gelees het, wat die spreker bedoel met die "seën" vir "ons lede van 44"? Hoe word hierdie siening ook ondersteun deur die woord "gesogte" in die slotsin van die teks?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

Charlize Theron se uitlating het verskillende reaksies tot gevolg gehad – briewe aan die pers, artikels oor die stand van Afrikaans en ook 'n verskeidenheid grappies en memes. Bestudeer die twee voorbeelde van sulke memes en grappies (Teks 4B–4C in die Addendum) en beantwoord dan die volgende vrae:

4.8 Watter waarde het die keuse van die spesifieke emotikons in die meme in teks 4B vir die lesers daarvan?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

4.9 Waarom sal nie alle lesers teks 4B as snaaks/humoristies beskou nie?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

4.10 Afrikaanse mense was baie vinnig om Charlize Theron te oordeel oor haar uitlating. Verwys na die punktuasie en woordkeuse in meme 4C. Gee dan 'n gemotiveerde siening of die skepper van meme 4C deel behoort te wees van diegene wat saampraat, al dan nie?

(2)

4.11 Wat is na jou mening die gemeenskaplike doel in al die memes wat oor Charlize Theron se opmerking ontstaan het?

(1)

4.12 Verwoord jou persoonlike siening van die Charlize Theron-debakel en ook die reaksie daarop in 'n kort, duidelike sin.

(2)

Bestudeer die advertensie (Teks 4D in die Addendum) en beantwoord dan die volgende vrae:

4.13 **MS** Verduidelik hoe slaag die visuele uitbeelding in die vorm van 'n Jenga-toring daarin om die woord **#onmisbaar** in die advertensie te illustreer.

(3)

IEB Copyright © 2024

4.14 Hoe span die advertensie woorde soos "dalk" en "miskien" in om die leser te betrek?

(2)

4.15 Wat is die funksie van die allitererende b-klank in die sinsdeel "dis **b**raai, dis **b**iltong, dis die **b**elewenis van saam kuiers"?

(1)
**[25]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 5 REDIGERINGSVAARDIGHEDE

Lees die koerantberig "Leerling gee rigting aan sy drome" deur Elizabeth Joseph (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

5.1 'n Koppelteken ontbreek by 'n woord in paragraaf 1. Skryf die woord korrek neer EN skryf ook waarom die koppelteken hier nodig is.

(2)

5.2 Verbeter die stelwyse in paragraaf 3 deur die vetgedrukte woorde met een woord te vervang.

(1)

5.3 In paragraaf 4 kom ook 'n anglisistiese uitdrukking voor. Stel 'n beter Afrikaanse stelwyse voor wat in die plek van die anglistiese sinsdeel gebruik kan word.

(1)

5.4 In paragraaf 5 is daar 'n leesteken uitgelaat. Skryf die sinsdeel oor met die korrekte leesteken daarin aangedui.

(1)

5.5 Die laaste sin in paragraaf 5 se foutiewe woordorde maak die sin se betekenis onduidelik. Skryf die sin korrek neer.

(1)

IEB Copyright © 2024

5.6 In paragraaf 6 ontbreek aanhalingstekens by me. Nolte se opmerking. Skryf die sin met die aanhalingstekens korrek aangedui neer.

(1)

5.7 Waarom word die afkorting "me." toenemend in besigheid gebruik?

(1)

5.8 In die teks word jong mense in paragraaf 4 as twee woorde geskryf en in paragraaf 7 as een woord. Watter spelvorm is na jou mening binne die konteks van die berig vir beide kere die korrekte spelvorm? Motiveer jou keuse.

(2)
**[10]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 6 OPSOMMING

**Situasie:**

Jy is 'n redaksielid van julle skoolkoerant en is verantwoordelik vir die afdeling wat raadgee oor gesondheid en allerlei lewenskwessies. Vir die volgende uitgawe het die redakteur gevra dat jy 'n bydrae beplan wat veral fokus op die skool se matrikulante.

Jy lees die berig "Identiteit lê nie in punte, prestasies en opinies nie" (Teks 6 in die Addendum) en besluit dis presies die boodskap waarmee jy die matrikulante wil inspireer.

Die berig is egter heeltemal te lank vir die spasie tot jou beskikking. Verkort die matrikulante aan die woord in die berig se raad tot 'n kort artikel waarin jy die huidige matrikulante van raad voorsien hoe hulle die beste van hulle matriekjaar kan maak sodat hierdie leerskool hulle ook kan toerus vir die lewe na skool.

**Opdrag:**

Skryf die artikel van tussen 90 en 100 woorde wat jy aan jou redakteur gaan voorlê.

**Let wel:**

- Voorsien jou artikel van 'n goeie en gepaste opskrif.
- Begin jou artikel met 'n kort, maar funksionele inleidingsin van hoogstens 15 woorde.
- Jou artikel moet saam tussen 90 en 100 woorde lank wees.
- Die inleidingsin moet deel vorm van jou woordtal.
- Dui jou totale woordtelling onder jou teks aan.
- Tel alle woorde, ook lidwoorde (**die** en **'n**).
- Jou inhoud mag uitsluitlik uit die teks kom – moenie jou eie idees byvoeg nie.
- Dit is nie nodig om elke persoon se naam in jou artikel te noem nie – fokus eerder op die wenk wat gegee word.
- Jy behoort minstens 8 tot 10 brokkies raad in jou artikel in te sluit.
- Maak seker jy maak gebruik van AL die kandidate in die bron se raad.
- Gebruik volsinne.
- Jou skryfstyl moet **informeel** wees om by die lesers te pas, maar Engelse woorde en sleng is nie aanvaarbaar nie.
- Jou artikel sal met 'n metingskaal beoordeel word.

IEB Copyright © 2024

**[10]**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024

## BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024